

# Alles behalwe Bitterstout

By die vure in die pad, iewers in voorstedelike Kaapstad in die middel van 'n bitterdroë somer draai jy regs en dan hou jy verby die kerk. *Bitterkomix*, ouer as ons demokrasie, bring jou tot hier – eers aan huis van Anton Kannemeyer, dan Conrad Botes, want dit is waarskynlik veiliger om die *enfants terribles* van die Suid-Afrikaanse stripwêreld individueel te takseer. Hulle werk lok per slot van sake heftige reaksies uit; ‘pornografies, anargisties, lasterend’ onder andere. Op 'n kol lewer hulle tekenprente vir Loslyf – Ryk Hattingh, destydse redakteur, slaan vure dood laat dit bars. Saam met demokrasie verskyn *Gif* - Afrikaner sekskomiëks (*Bitterkomix*, *Hond*) wat as moreel onaanvaarbaar verklaar en deur die sensuurraad verban word.

Dit was 1994; kort daarna volg meer vryheid van spraak en verdere publikasies kon die grense vir 'n wyle troef – voor die sambok van hul eie industrie die sweep begin slaan het en hulle sou noop deur die tunnel van obskure klein drukkerie, selde betyds of betroubaar, maar minstens sonder inmenging teenoor die inhoud van hulle werk.

Dóg, *Bitterkomix* beur voort en in 2016 verskyn die sewentiende uitgawe met bydraes deur Breyten Breytenbach, onder andere.

Anton is driftig: “Eerstens, ‘stout’ is nou nie eintlik 'n woord wat ek gebruik nie. Ek beskou my werk as ikonoklasties en satiries, ‘stout’ het iets ouliks in hom, selfs iets sentimenteels. Nee, *Bitterkomix* is nie stout nie. Onbeskof en ongeskik, miskien. Soos Dostoevsky beskou ek die sentimentele as die vyand.”

Jy beweeg deur die vertrekke van 'n soliede huis. Netjies, met hedendaagse kuns teen die mure, allermens aars. Inteendeel, 'n bedrewe Kannemeyer-ets van die Swartbergpas, af na die hel, gaan by jou bly. Breë weg, smal weg. Dit is egter dié vertrek as bewaarplek van 'n leeftyd se sorgvuldige versameling boeke, komiëks, videos en kompakskywe wat die sywurm 'n hart laat spin. *X'ed* out tussen Emmylou Harris en Charles Burns. *The Middle Parts of Fortune* se stof gaan lê agter 'n Burns-tekening van die skrywer Thomas Bernhard. Met die eerste oogopslag herinner Bernhard my aan 'n jong Balthazar Johannes Vorster, politiek van die paskwil op 'n 4c posseël

Links van die deur, voor mens die vertrek verlaat; 'n swart en wit foto – Joseph Conrad se Kongo?

Ons drink tee in die kombuis waar Anna Kannemeyer en Nell Botes kolwyntjies gaan bak. Hulle is so opgewonde soos springkane in die mielieland van *Kook en Geniet*. Claudette Schreuders, Anton se vrou en mede-kunstenaar, vertel van Anton se Ouma Ali Broer wat onlangs dood is. Sy doem geestig voor mens op, “kompleet in 'n wit MG Spider en bikini, haar byekorff haarstyl 'n baken deur Mallorca se strate.”

Deur 'n tuin waar boggrond bars, volg ons 'n paadjie na Anton en Claudette se studios – geleë op 'n aangrensende erf. (Dit was eens die beknopte huis van 'n ma en dogter wat vir veertig jaar daar gewoon het.) Ons stap 'n ritueel, stadig; verby 'n gawe vrou met die naam Lucia Sonwabu, die slapende hond Trompie, 'n witgeel wendyhuis met blou detail, die kwaai konyn, plante wat begin tou opgooi. Tussen 'n frangipani en ou olyfboom verloor die *Incredible Hulk* kleur waar hy blare sluk onder die komposhoop. Dan. . . deur die sleutelgat, verby Tweedledum en Tweedledee. Mure is uitgebreek, lig deurgelaat vir die huis met die tweede lewe. Eers deur Claudette se studio, verby 'n blou budjie tussen 'n klamp – in vere van hout. Anton is geesdriftig oor Claudette se werk en volgens hom is sy 'n veel beter kunstenaar as hy. “Ek ag myself baie gelukkig om haar naby my te hê. Ons kritiseer mekaar gedurig. 'n Ware vriend in Blake se woorde: ‘Opposition is true friendship.’”

Anton se studio verklap weinig van die kalligraaf op 'n sweeftou tussen woord en beeld. Vóór jou, Joe Dog, betogend én verwerend, interessant – vir seker. Tesame en individueel is hulle werk leesbaar in elf tale. Dog, hiérdie Hond, deel hy Bernhard se gevoel "Es ist alles lächerlich, wenn man an den Tod denkt"? Antwoorde onder die vel. Prismaties rig Anton sy blik na Hockney – op 'n vraag na die vele kunsverwysings in beide kunstenaars se werk. Verby die ooglopende is daar helaas meer as genoeg om aan te aas; Goya se Saturnus, de Chirico se metafisiese alfabet, die vransk ywer van George Grosz, arsering van Haring en ja, uiteraard Hergé se *Tintin*. Trek dit deur die Suid-Afrikaanse bewussyn en jy sit met 'n bitter grap.

“Daar is nou meer sensuur as ooit sedert 1994. Ek word nog nie gesensor deur die staat nie, maar dit lê waarskynlik om die draai. Intussen word ek gesensor deur uitgewers, boekhandelaars, drukkers en selfs galerye.” 'n Voorstel vir 'n tentoonstelling onlangs vir die 2018 Brusselse Art Fair is afgekeur omdat dit te kontroversieel is. Dus plaaslik en internasionaal. “Dit sal myns insiens eenvoudig lei na afgewaterde kuns, enige idees wat die huidige bestek uitdaag, word dus afgekeur. Satire loop veral deur. Die vermoë om satire te verstaan, is blykbaar iets van die verlede. So veel soos wat mense moontlik dink dat hulle nou baie meer begrip het vir ‘the other’ en meer polities korrek optree, net so veel het hulle begrip van visuele interpretasie gekrimp. Ek sien dit op alle vlakke van die samelewing, ek praat nie slegs van die ‘twitter-trolls’ nie.”

Ons gesels wyd soos 'n vlakke, onder meer in watter ander land hy en sy gesin sou wou woon, #me too of #moi non plus? *Midnight in Paris*. 'n Inkvis swem verby.

“My gevoelens oor die Afrikaner is ietwat gemeng. So veel soos wat ek tuis voel tussen Afrikaners, en geniet om my taal te praat (en dit is 'n voorreg, veral as mens baie reis besef jy dit), voel ek ook dit is my plig om die Afrikaner te ondermyn. Gelukkig woon meeste van die groot Afrikaanse rassiste

reeds in Australië of Kanada, dis nou die ryker rassiste wat geld gehad het, so 'n mens het outomaties simpatie met die agtergeblewenes (ryk en arm) wat die ding wil en moet laat werk in die toekoms.”

Voor ons groet, haal Anton 'n boek uit die rak; *Things Fall Apart* soos vertaal deur Chris Barnard; 'n *Pad loop dood*. Vir 'n breukdeel van 'n sekonde skitter dit in sy bleek hande.

Conrad Botes se huis is naby 'n kwekery. Beide Hylton Nel en Niki Daly het eens in die omte gewoon, *Welcome to Zanzibar Road*.

Die erf is groot en dit wil voorkom of die tuin met die helm ingerig is vir tye van min reën, links staan 'n ry bonsai boompies en regs 'n tamaai wildevy. Dis 'n kort stap na sy nuwe studio, ontwerp deur Janine de Waal. Die resultaat is 'n ruim, wit galery waardeur duiwe kan vlieg. Met die intrapslag kruip *The Big Other* & kie uit hul nate en kom sit saam met ons in 'n hoek. Kain en Abel huiwer lewensgroot teen 'n muur, ek hou hulle versigtig dop.

Joe Dog en Konradski se aanvanklike alliansie is gesmee langs die water van die Eersterivier – aan die Universiteit van Stellenbosch waar albei grafiese ontwerp studeer het. Drie dekades het 'n lang lyn bondgenote saamgesleep; *Stet* se Tienie du Plessis, Lorcan White aka Mark Kannemeyer, Ryk Hattingh, Paddy Bouma, Robert Crumb, Karlien de Villiers, William Kentridge, Joe Daly, Art Spiegelman en Gerhard Human. Nie almal leef meer nie.

“Ons is baie verskillend, dit is dalk een van die redes waarom ons so lank en suksesvol saamwerk. Stout? Ek stem saam met Anton hierso. Ek voel eerder tuis tussen woorde soos kras, skurf of kru.”

Botes is 'n boorling van Ladismith in die Karoo. Sy ouers wat albei onderwysers was, trek Bellville toe – kort na sy sesde verjaarsdag. Die kind word groot tussen Duisternooientjies, Wrakvisse en Poenskoppe en deesdae is die grootmens 'n dissipel van die SASSI-lys wat sonder skroom die ou wat onreëlmatig Kabeljou vang oor die vingers sal tik.

Vlieghengel in Gaboen. Dít is sy ding, en elke Desember is die gesin van drie vir 'n week by Sette Cama wat grens aan Loango Nasionale Park – die 'Laaste Eden' op die kontinent vanweë die ongerepte woud. Bome soos maagde, dus. “Ja, ek hou baie van daardie land, die natuur is grotendeels ongeskonde; waar Loango eindig en die see begin, ry seekoeie branders en krokodille baai op die sand.” Die *SpongeBob* wat hy self gebind het is een van sy gunsteling vliegpatrone. Dis waarmee hy Kabeljou vang, en teruggooi.

Hy het sopas Žižek gelees, ook weer *The Magus* van John Fowles.

“Sensuur was nog altyd deel van wat ons doen. Nadat 'n spul fundamentele gelowiges op hol gegaan het met van ons werk op uitstallings, was dit weer verspreiders en boekwinkels wat geweier het om Bitterkomix te verkoop. Dit het ons genoodsaak om van stad tot stad te reis met 'n kar vol

komeks en self onafhanklike boekwinkels te identifiseer waarmee ons kon werk. Op die ou end het sensuur, hetsy wetlik of sosiaal, ons net meer doelgerig gemaak.”

’n Sifdruk van ‘The Liberal Communist’ bly my treiter, maar sodra ek wegkyk sien ek die wolf in skaapklere, op sy knieë. *Sweet sorrow*. ’n Haan kraai. “Ja, ons hou hoenders aan. Dis Ziggy, hy is ’n Poolse haan met so ’n wit kuifkop.”

“Afrikaner? My werk, en ek, is die vrug van Afrikaner Nasionalisme. Miskien sou ek ook ’n anarchis gewees het as ek byvoorbeeld in Europa gebore was, dis immers die geboorteland van politieke dogma. Goddank is ek nie ’n produk van Engelse Liberalisme nie. Daar’s nou ’n klomp huigelaars.”

Conrad reis gereeld, hy tel die lande waar hy reeds was op vier hande. ’n Stad wat hy uitsonder is Berlyn, moontlik vanweë die spoke. Hy besoek ook gereeld Arniston en Bredasdorp, waar hy ’n huis besit. #Anene Booyen, Skeepswrak-museum; ’n *Slaweskip met die naam Meermin*. By Waenhuiskrans knoop hy graag lang geselsies aan met die vissermanne van Kassiesbaai. So hoor hy op ’n dag dat daar al by geleentheid oor die vyfhonderd galjoene in een van die vywers beland het.

Die honde, Max en Zara, maak skaduwees. “Hulle het slegs twee bewegings: soos die wind of tjoepstil.” Hy hou van kosmaak en steek sommer kers op by sy vriend, Ian Bergh, De Grendel se sjef. “Ek het ’n lekker Thai-groen viskoekie resep.”

Iewers het ek gelees dat Conrad deel van sy kindertyd in ’n opslaanhuis teen die walle van Theewaterskloofdam deurgebring het. Moes daar gewees het waar hy sy eerste lyn in die water gegooi het.

End/

Lien Botha©

Teks en foto’s

Woordtelling: 1748